

Ondersteuners Opgelei om Kinders te Leer Lees

Joernalis **Alida de Beer** | Donderdag, 17 Januarie 2019, 13:03

GEORGE NUUS – Leerondersteuners en leerondersteunersadviseurs van oor die Suid-Kaap en Sentraal-Karoo het verlede week opleiding ontvang sodat hulle die Doen-en-Leer-leesprogram by skole in die streek kan aanbied.

Die opleiding deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), in samewerking met die ATKV en Ghoené Marketing, het geskied in die saal van Pacaltsdorp Primêr. **Skoolkinders, wie se leesvermoë nie op standaard is nie, kry baie spesiale aandag in skole in die streek deur middel van dié leesprogram.**

Volgens Hettie Visser, die streekkoördineerder van leerondersteuning by die WKOD, is 95 leerondersteuners by die projek betrokke. Hulle onttrek kinders op 'n gereelde basis uit klasse om dan in klein groepies leeslesse te ontvang.

“Die departement het die ATKV genader vir 'n gepaste program sodat daar eenvormigheid in die opleiding by al die skole kon wees. Die leesprogram word al vir 'n aantal jare in die Suid-Kaap en Sentraal-Karoo aangebied. Die impak op die leerders is ongelooflik. Hulle raak gemotiveerd en ontwikkel selfvertroue. Ewe skielik gaan die wêreld van leer vir hulle oop en hulle besef hulle kán eintlik lees,” sê Visser.


Die behoefte by skole vir hierdie tipe ondersteuning is baie groot. Met klasse van tot 40 kinders wat algemeen is, is dit nie vir onderwysers altyd moontlik om die nodige individuele aandag te gee nie. Die ontwikkeling van die leesvermoë van kinders wat sukkel, bly agterweë en dit beïnvloed hulle hele skoolloopbaan en toekoms. “Tans word die program vir tot 160 kinders per week per skool aangebied. Hulle word in klein groepies van ongeveer agt geleer. Ons het te min spesiale skole in die streek en nie al die kinders wat in sulke skole behoort te wees, kan geakkommodeer word nie. Deur hierdie program kan ons sulke leerders ook help.”

Die departement hoop om binnekort ook leerondersteuning in wiskunde aan te bied. Wyle dr. Rose Botha, wat 60 jaar se ondervinding in die onderwys gehad het, het die Doen en Leer-leesprogram ontwikkel. Dit is 'n aanvangs- en intervensie-leesprogram wat aan enige ongeletterde persoon genoeg selfvertroue gee om te kan lees. Klank, lees, skryf en terapeutiese oefeninge is deel van die les.

<https://www.georgeherald.com/News/Article/General/ondersteuners-opgelei-om-kinders-te-leer-lees-201901171006>



Die opleiding vir leerondersteuners is in die saal van Pacaltsdorp Primêr aangebied. Van links is Dokka Swart (aanbieder van Doen en Leer-leesprogram), Nicolette van den Heever (Doen en Leer-leesprogram), Chareldine van der Merwe (projekbestuurder van die Vriende van Afrikaans by die ATKV) en Hettie Visser (die WKOD se leerondersteuningskoördineerder). **Foto: Alida de Beer**



Die VVA op Radio Kaapse Kansel

Radio Kaapse Kansel

Danksy Radio Kaapse Kansel kan kinders en luisteraars elke Dinsdagmiddag om 14:00 inskakel om na 'n Afrikaanse kinder storie te luister.

Mense word aangemoedig om in te skakel op Radio Kaapse Kansel (AM729) of net na <http://newsite.capepulpit.co.za/radiochannel/live-stream/> te gaan om na Chareldine van der Merwe se storie voorlesings te luister. Die VVA lees stories voor wat uitgegee word deur LAPA Uitgewers.

Gaan kyk gerus ook op hul webwerf www.lapa.co.za



Die VVA oorhandig 'n boektrommel in Pretoria

Op 21 November 2018 het die VVA 'n boektrommel gaan oorhandig aan ABC Jack and Jill Kleuterskool in Pretoria. Die Christelike Maatskaplike Raad in Pretoria het hierdie skooltjie genomineer omdat hulle nie Afrikaanse boeke besit nie. Dit was 'n baie lekker ervaring.

Tydens die oorhandiging het Chareldine van der Merwe ook vir hulle 'n boekie voorgelees. Die kleuters het dit baie geniet en interaktief deelgeneem. Ons by die VVA was ook gelukkig om Dokka Swart (Ghoene Marketing) saam met ons te hê. Ons weet dat hierdie onderwysers en kinders die boeke baie gaan geniet.



Mandie vertel vir die kinders by ABC Jack and Jill Kleuterskool hoe om met boeke te werk



Die kinders is baie opgewonde oor die boektrommel



Jatha Peda (Jakes Gerwel Tegniese Skool), Chareldine vd Merwe (VVA) en Dokka Swart (Ghoene Marketing)

Chareldine en Dokka het die vieringe van Jakes Gerwel Tegniese Skool in Bonnievale bygewoon. 'n Suksesvolle geskiedkundige eerste skooljaar, die uitbreiding van nuwe klaskamers, tegniese werksinkels en fasiliteite was gevier. Die VVA het ook baie goeie terugvoer gekry oor die leerders wat leesondersteuning ontvang.



Prins Albert vra vir hulp voor skole sluit

Leesondersteuning 10 en 11 Desember 2018

Na aanleiding van ons vorige suksesvolle voorleeswerkswinkel en 'n demonstrasie van ons leesprogram, Doen en Leer, aan Prins Albert op 21 Mei 2018, is ons versoek om leesondersteuningsopleiding te doen. In samewerking met Dokka Swart (Ghoene Marketing) en twee navorsers Sandra Marais en Ilse Eigelaar-Meets van Soreaso (<http://www.soreaso.co.za/>) wat sosiale navorsing doen en saam met Prince Albert Community Trust in Prins Albert werk, bied die VVA op 10 en 11 Desember 2018 suksesvolle opleiding aan. Agt en twintig opvoeders van Prins Albert- en Leeu Gamka Primêr woon die opleiding by in Noordeind, Prins Albert.

Die feit dat opvoeders in Desember bereid was om opleiding te ontvang spreek van absolute toewyding. Dokka Swart het die opleiding aangebied wat uit teorie sowel as praktiese opleiding bestaan. Die holistiese benadering van dié program help dat leerders onmiddellik sukses behaal.

Doen en Leer beskik oor die volgende unieke eienskappe:

- Die resultaat met ongeletterdes is onmiddellik.
- Die sukses van die program lê in die eenvoud: dit is maklik uitvoerbaar.
- Dit is 'n Suid-Afrikaanse produk.
- Die produk is beskikbaar in Afrikaans en Engels.

Die VVA kon ook aan die skool nog ekstra leesboeke skenk, aangesien die skool reeds in 2015 'n boektrommel ontvang het.



Opvoeders demonstreer die leesprogram in Prins Albert



Prins Albert Primêr ontvang nog boeke, mnr John Steyn, prinsipaal ontvang die boeke



Rolspelers in Prins Albert v.l.n.r: Ilse Eigelaar-Meets, Dokka Swart, John Steyn, Sandra Marais, Chareldine van der Merwe en Dalene Coetzee tydens die opleiding in Prins Albert

Maak 'n knoop in jou oor!

21 Februarie 2019 – Jaarlikse Johan Combrinkgedenklesing word in die Togryersmuseum in Ceres gehou met dr. Christa van Louw as spreker. Die Witzenberg-tak help met die reëlings.

4 Maart 2019 – Kunsroete saam met PJ Olivier Kunssentrum en WOW

6 Maart 2019 – WOW-Biblioteekdag saam met LAPA Uitgewers

7 Maart 2019 – Ons doen weer 'n voorleeswerkswinkel in die WOW-programreeks

8 Maart 2019 – Kunsroete saam met PJ Olivier Kunssentrum en WOW

10 en 11 Mei 2019 – Inkstories, Leeskonferensie met Christien Nesor

14 Augustus 2019 – Koop-'n-Afrikaanse-boekdag

15 Augustus 2019 – Ommietafelgesprek




Wat gebeur in die buiteland?

Volgens *Onze Taal* was dit op 23 Januarie 2019 Nasionale Voorleesdag in Nederland. Op hierdie dag gaan talle bekende Nederlanders na die skole om vir die leerders te lees. In 'n artikel van 2013, geskryf deur Jan Erik Grezel, word die belangrikheid van voorlees bespreek en ook hoe verskillende instansies voorlees motiveer. Volgens Grezel se navorsing lees meer as helfte van ouers in Nederland vir hul kinders voor.

Vanaf 23 Januarie tot 2 Februarie 2013 het talle bekende sportsterre, sangers, ministers en akteurs vir skole gaan lees. Hierdie tradisie bestaan nog steeds. Sal dit nie fantasties wees as ons dieselfde in Suid-Afrika kan doen nie?

Gaan lees hierdie artikel:

https://onzetaal.nl/uploads/editor/1301_voorleestrucs.pdf



Briewe

Goeiemiddag Chareldine

Die nuusbrief is pragtig.

Baie dankie vir dié blootstelling wat jy ook voortdurend aan die Moedertaalprojek gee.

Mag die ATKV:VVA van krag tot krag gaan. Volgende jaar gaan ons sommer laat wiel, nè.

Moedertaalprojekgroete

David Jantjies

Middag Chareldine, ek wil net weer dankie sê vir die wonderlike werkswinkel en die boektrommel! Dit was regtig fantasties. Ons by die skool kan nie uitgepraat raak nie. Die boektrommel is 'n GROOT geskenk. Ons kinders en juffrouens gaan lekker lees.

Groete vir Lukas en David, hulle is wonderlike sprekers.

Hoop ons sien julle weer.

Vriendelike groete

Mac Kuhn

Beste Chareldine en Mandie,

Dit is so lekker om weer van jul te hoor! Ek vertrou dat dit self goed gaan met julle!

Baie dankie vir 'n pragtige epos en vir 'n wonderlike aanbieding hier by ons skool! Dit was lekker om jul te bederf en om 'n skooldag te kon afsluit met 'n suksesvolle bydrae waarby ons elkeen iets nuuts kon by leer! Ons sal dit vir altyd saam met ons dra!

Weereens, baie dankie vir al jul moeite en ver ry!

Hopelik, werk ons weer eendag saam in die toekoms!

Mooi middag verder!

Vriendelike groete,

L. Saayman

Baie, baie geluk met 'n voortrefflike nuusbrief wat getuig van toewyding en baie harde werk.

Amanda de Stadler (eerste brief ná nuusbrief sonder Amanda)



Die tak en die VVA het verlede jaar saamgespan deur 'n voorleeswerkswinkel en 'n demonstrasie van hul leesondersteuningsprojek (*Doen en Leer*) aan te bied om die leeskrisis in ons land te help verlig. Die tak het die VVA onthaal met lekker gebak, sang, gedigte voorlees en lekker Afrikaanse grappe.



Die ATKV-tak Sommer Net Ons, het die VVA in styl onthaal

Ruzanne van Beulen van die ATKV-tak, Sommer Net Ons, het die volgende oor die aand geskryf:

2019 het vir die *Sommer net ons-span*, op 'n heerlike, voetsoolse noot weggespring. Lekker geselskap en watertand disse. Slang spoeg wat val en brand vanuit die mond, reguit maag toe of miskien bietjie verder. Jou wange laat gloei en jou laat lag tot al die spier spasma verdwyn het. 'n Heildronk in

nederige dankbaarheid saam met Vriende van Afrikaans. Op die blink toekoms van Afrikaans. In skole en agtergeblewe gemeenskappe, agtergeblewe... minder bevoorreg. Vir myself en baie van ons vergete, toegesluite deure uit ons kindwees.

Onverwags en doelgerig hoor ek hoedat Raadslid Gericke se stem die geroeste deur uit my verlede oopsluit. En ver agter in die skadu's en skemer van die massas herken ek myself. *Nothing is Impossible!* Ruk Britney, se stem my uit die skemer skadu's tot in die helder sonskyn glimlag op Riaan se gesig en in aanbidding op sy vrou se pragtige stem. Wat jou vat van 'n glimlag tot die diep insink van dankbaarheid vir geleenthede, oop harte en arms.

Ouers soos ma Veron en pa Jan, Jabes se rigtingaanduiding wat ons amper laat verdwaal tussen die reguit aanhou en die honde se woef. Tog ontdek ons 'n ander pad, 'n korter pad, 'n pad vol liefde en omgee. Die pad Loxton, Stellenbosch en na Dokka toe. Waar kleur en geur saamsmelt, gebaster in ons uniekheid van taal en identiteit. Elkeen 'n skatkis vol edelstene.

Dankie Bevie, jy is 'n dinamiese persoon, 'n astronomiese voorsitter. Dankie dat ons die passie en visie saam met jou kan uitvlieg. Ambassadeurs vir Afrikaans en die ATKV.



Ruzanne Van Beulen, wat die pragtige artikel oor die aand geskryf het

VERSPREI GERUS DIE NUUSBRIEF

Doendinge in Afrikaans

NUUSBRIEF

Redakteur: **Mandie Ehlers**

Assistentredakteur: **Chareldine van der Merwe**

Bladuitleg: **Sunfood Studios**

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Eenheid 2013, Datevoice House,
Elektronstraat 16, Tegnopark Stellenbosch 7600

Posadres: Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon: 021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer: 021 880 1946

E-posadres:

Mandie Ehlers:

mandiee@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:

chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste: www.atkv.org.za

Koopdinge in Afrikaans

DIE VOLGENDE ITEMS IS BY DIE KANTOOR TE KOOP:

- 1. Dubbel-CD:** Ou Vriende van Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore teen R100
- 2. Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans** geskep deur Peter Slingsby teen R20
- 3. Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160
- 4. CD: Vespers van Rachmaninof** in Afrikaans teen R120
- 5. Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases** teen R135
- 6. Joernaal van Jorik – in klank** (toonsetting deur Roelof Temmingh) teen R120
- 7. Die Nagbiblioteek** deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar teen R120

(R65 posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word)

Bank:

ABSA, Tjekrekening

Rekeningnaam: ATKV

Rekeningnommer: 0170166728

Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende

"Swift Code": ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenkbundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.